- **PLASTIEKBEKERTJIE:** Gemerk en met oor om op te hang
- **SKOOLKOFFER:** Gemerk en groot genoeg sodat A3 koevert daarin sal pas
- **GESONDE KOSPAKKIE DAAGLIKS & BOTTELTJIE SAP/WATER**
- **PAPIERSAKDOEKIES:** Slegs een kartondosie
- **VLOEIBARE SEEP:** Een houertjie
- **KOEKIE SEEP**
- **TENNISBAL**
- **GROOT BAL**
- **PLEISTERS:** 1 x pakkie
- **VOORSKOOT:** Vir kuns met rekkies. GEEN toutjies asb
- **A4 CROXLEY MATERIAALSAKKIE:** Met ritsluiter
- **A4 FLIPFILE LEêR MET 30 SAKKIES**
- **INKLEURBOEK:** Eenvoudige, groot prente (Crazy Store)
- **HOOLA-HOOP**

ENJOY THE HOLIDAYS

Alles MOET gemerk wees!

Oosies SPEELGROEPIE

Speel • Leer • Leef

WELKOM

Waar ons kleuters speel, leer en leef. Ons het goed toegeruste klasse en 'n fantastiese speelarea waar optimale fisiese- en sosiale ontwikkeling plaasvind. Opgeleide onderwyseresse bied 'n gebalanseerde dagprogram aan wat maksimale aandag en stimusasie verseker.

3 tot 4 jariges	4 tot 5 jariges
Dinsdae en Donderdae OF Elke dag van die week 08:00—12:00	Maandae, Woensdae en Vrydae OF Elke dag van die week 08:00—12:00

Pregram

ONS VOLG WEEKLIKS 'N TEMA EN TEMABRIEFIES WORD WEEKLIKS UITGEGEE.

- Bybelonderrig • Wiskunde Aktiwiteite • Kreatiewe Aktiwiteite • Temabesprekings • Opvoedkundige Aktiwiteite • Bewegingsprogram • Storie– en liedjietyd • Sangklas • Biblioteek • Vryspel buite en binne

Bewegingsprogram

By die skool volg ons 'n uitgewerkte bewegingsontwikkelingsplan. Monkeynastix, Play-ball, Tennislesse, Stoei en Ballet word ook aangebied teen 'n ekstra tarief. So word daar speel-speel aan hul totale ontwikkeling aandag gegee.

Toelating

Kleuters vir die junior groepie moet 3 jaar oud wees en 4 jaar word gedurende die jaar van toelating. Kleuters vir die senior groepie moet 4 jaar oud wees as die skooljaar begin en 5 jaar word gedurende die jaar van toelating.

Skoolure

Die skool open 9 Januarie 2019. Toesig sal reeds vanaf 07:15 wees. Die formele dagprogram sal vanaf 08:00 tot 12:00 wees. Ons vra te alle tye ***STIPTELIKHEID***. Hekke sluit 08:00.

Kleredrag

Alle klere, skoene, truie, sokkies en sandale moet asb **DUIDELIK** gemerk wees. 'n Ekstra stel klere moet in die tas wees, want dit kan 'n groot uitkoms wees in geval van 'n onverwagte ongelukkie.

Vorderingsverslae

Daar word aan die einde van die eerste, tweede en vierde kwartaal 'n verslag aan die ouers gestuur oor die kleuters se vordering. Ouers is altyd welkom om oor u kleutertjie se vordering, belewenisse en probleme te kom gesels.

Fooie

Skoolgelde is vooruitbetaalbaar. U kan skriftelik reël of u die gelde kwartaalliks of maandeliks wil betaal. Alle gelde moet voor 1 November inbetaal wees. Gelde moet by die sekretaresse inbetaal word. **GEEN** vrystelling van skoolgelde word by die Spreelgroepie toegeken nie.